PERSBERIG VIR GANSBAAI COURANT

Tel 028 – 384 1473
Faks 028 – 384 2397
courant@itec.co.za

BOME VIR KUSGEBIEDE

In ‘n baie interessante artikel wat in Die Burger op 26 Oktober 2013 verskyn het, sê Ernst van Jaarsveld dat die Weskus nie van nature hoë inheemse bome het nie weens die omstandighede, wat natuurlik ook van ons kusgebied waar is. Die wind is ‘n groot probleem en die natuur laat die inheemse bome by plaaslike toestande aanpas. Inheemse bome wat wel hoog groei, is geelhout *(P. falcatus),* Baviaanskloofseder *(Willddringtonia schwarzii*) en die boskiepersol *(Cussonia sphaerocephala).* Maar volgens Ernst soek eersgenoemde en laasgenoemde beskutte bostoestande om ‘n goeie hoogte te bereik, en die seder groei die beste in beskutte klowe. Dus nie bome wat vir ons gebied aanbeveel kan word nie. Maar die volgende bome kan goed aard aan die kus: worsboom (*Kiggelia africana),* wildevy *(Ficus burkei)* en Kaapse koraalboom *(Eryhtrina capensis).* Die volgende bome is volgens Ernst die beste keuse: Kusvaalbos *(Brachylaena discolour),* kanferbos *(Tarchonanthus littoralis),* melkhout *(Sideroxylon inerme),* aasvoëlbessie *(Maurocenia frangula),* seeghwarrie (*Euclea racemosa)* en rooimelkhout *(Mimusops cafra).* Genoeg om enige mens dadelik aan te moedig om inheemse bome vir ons nageslag aan te plant!

Geskryf deur Elrina Versfeld vir Pearly Beach Bewarea.

http://www.gansbaai.com/pearly-beach-conservancy/en/home/

FOR PUBLICATION DURING OCTOBER 2013